

Sing vooraf staande: Skrifberyming 10-1:1, 2 (28:1, 2)

- 1 O Vader, in die hemel hoog, / tot wie ons ophef hart en oog,
ons bid in stille eerbiedenis: / Gee dat u Naam, wat heilig is,
deur ons geken, geëer, gevrees / in alles mag geheilig wees.
- 2 Gee dat u koninkryk mag kom, / in Christenland en heidendom,
in sy triomfe eindeloos! / En laat ons op die aarde, soos
die eng'le wat u troon omring, / gewillig, Heer, u wil volbring.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 103:1, 2 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.

Gebed

Psalm 33:6, 11 (p. 159)

- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.
- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Skriflesing: Matteus 7:7-11; Lukas 11:1-13; Heidelbergse Kategismus, Sondag 46

Kernvers: Matteus 7:7-11

Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word.

Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee?

As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid! (Matteus 7:7-11 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 120: Waarom het Christus ons beveel om God as ons Vader aan te spreek?

Antwoord: Sodat Hy heel aan die begin van ons gebed in ons die kinderlike vrees en vertroue op God sal wek. Dit moet die grond van ons gebed wees, naamlik dat God deur Christus ons Vader geword het, en dat Hy ons veel minder dit wat ons van Hom in die geloof bid, sal weier as wat ons vaders aardse dinge ons ontsê (a).

(a) Matt 7:9-11; Luk 11:11-13.

Vraag 121: Waarom word hier bygevoeg: wat in die hemel is?

Antwoord: Sodat ons van die hemelse majesteit van God nie aards moet dink nie (a) en van sy almag alles verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het (b).

(a) Jer 23:23, 24; Hand 17:24, 25, 27. (b) Rom 10:12.

Tema: Jesus se beloftes oor gebed en ons onvermoë om dit te aanvaar

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, iemand het eenkeer ons onvermoë – noem dit onwilligheid of moedswilligheid – om God se beloftes oor die gebed te glo soos volg verduidelik: Hy het gesê dit is soos iemand wat 'n brief skryf. Nadat hy die brief geskryf het, sit hy die brief in 'n koevert, skryf die adres daarop, plak 'n seël op die koevert. Hy wil graag hê dat die persoon aan wie hy die brief geskryf het die brief moet ontvang en lees en daarop antwoord. By die posbus steek hy die koevert in die gleuf in om dit te pos, maar hy bly die hoekie van die koevert vashou. Dit beteken dat die brief nooit by die adres sal uitkom nie, ook nie gelees en beantwoord sal word nie.

So maak ons met gebed. Ons vertel graag vir die Here wat ons vir liggaam en siel nodig het, want Hy is mos ons God. Maar in plaas daarvan om by amen die Here ons God kinderlik te vertrou, begin jy jouself van vooraf te bekommer en neem jy weer jou behoeftes om maar eerder self daarmee te spook. Hoekom maak ons mense so? Dit lyk vir my ons doen dit omdat ons Christus nie werklik glo as Hy ons beveel om God as ons Vader in gebed aan te spreek nie.

Dit is nie die eerste maal dat Jesus onderrig oor die gebed in die Bergpredikasie gee nie. In Matteus 6 het Hy ons al onderrig oor die gebed. Daar het Hy ons gewaarsku om nie met gebed toneel te speel soos wat die Fariseërs doen nie. Hulle het graag lang gebede op straathoeke gestaan en bid sodat mense hulle moet sien en dink dat hulle baie godsdienstig is. Hy het ons ook gewaarsku om nie soos die heidene te bid nie. Hulle het 'n stortvloed van woorde gebruik en gedink daarmee kan hulle hulle gode oorhaal om na hulle te luister. In die plek van hierdie twee verkeerde maniere van bid, beveel Jesus ons:

Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is ... (Matteus 6:9 AFR53)

Met die onderrig in hierdie deel van die Bergpredikasie is Jesus besig om ons daadwerklik aan te spoor om te bid deur vir ons heerlike beloftes te gee oor die verhooring van ons gebede. Jesus gee hierdie beloftes, want Hy ken sy Vader tot wie ons moet bid. Daar is seker niks beter wat ons so sal aanspoor om te bid nie, as om te weet dat die Here regtig ons gebed sal verhoor. Met hierdie beloftes spoor Jesus ons ook aan om nie te huiwer om vir die Vader te vra wat ons vir liggaam en siel nodig het nie. Hy wil hê dat ons met volle vertroue in God ons nood sal uitroep.

Broers, susters en kinders, luister net na die beloftes wat die Here maak. En laat ons goed oplet, Hy maak nie net een keer die belofte nie. Drie maal slaan Hy met die hamer op dieselfde spyker. Drie maal hamer Hy die belofte in ons harde koppe in. Die eerste maal gee Hy direkte opdragte: Bid! Soek! Klop! (Matt 7:7). Jesus beveel ons letterlik om te bid. En doen dit soos 'n kind. Wanneer 'n kind se ma naby hom is en hy haar kan sien, gaan hy vra wat hy wil hê. As sy nie naby is nie of hy haar nie kan sien nie, gaan hy haar soek om te vra. En as sy agter 'n toe deur is, gaan hy klop om haar te vra.

Met hierdie drie kort opdragte, beveel die Here Jesus ons nie net om te bid nie. Hy por ons aan om dit aanhoudend te bly doen. Moenie ophou as jy na die eerste keer se vra nie gehoor of verstaan het nie. Bid weer, soek weer die aangesig van die Here op in gebed. Vra dringend soos iemand wat aan 'n deur klop.

Wanneer Jesus die belofte die tweede keer gee, sê Hy:

Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat seek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word. (Matteus 7:8 AFR53)

Die belofte dat gebede verhoor sal word, is 'n belofte vir almal wat bid. Dit is nie net die mense wat groot woorde gebruik wie se gebed verhoor sal word nie. Ook eenvoudige gebede word deur die Here gehoor en verhoor. Daarom kan kinders ook seker wees dat die Here hulle gebed sal verhoor. Dit is ook nie net mense wat al ver gevorderd het in die geloof wie se gebed verhoor sal word nie. Ook die een wat so pas van die Here se genade in Jesus Christus gehoor het, kan die Here aanroep en vra dat Hy hom genadig sal wees ter wille van Christus, en dit sal gebeur.

Met die derde herhaling van die belofte gebruik Jesus 'n gelykenis. En die verhaaltjie wat Jesus vertel is aan almal goed bekend. As 'n kind na sy ouers kom en vir hulle brood vra, sal hulle vir hom iets gee wat soos brood lyk maar nie is nie, of sal hulle vir hom 'n klip gee? Nee, beslis nie! Sal ouers vir hulle kinders iets gee wat gevaarlik is, byvoorbeeld as hy vis vra, vir hom 'n slang sal gee? Nee, ook nie! Ouers sal tog nie vir hulle kinders iets gee wat waardeloos of selfs gevaarlik is nie.

Ouers sal vir hulle kinders sorg, alhoewel die ouers in wese maar sleg is, sondaars is. Uit onself uit bedink ons net slegte dinge. Van nature is ons selfsugtig. So is ons almal, want ons is sondaars. Maar tog sal ons vir ons kinders goeie dinge gee. Hierdie geaardheid om aan ons kinders goed te wil doen, kom nie uit onself nie, maar is die gevolg van die Here se algemene genade aan die mens. Deur die algemene genade van die Here onderdruk ouers hulle sondige, selfsugtige begeertes wanneer hulle vir hulle kinders moet sorg.

Om die belofte nou behoorlik by ons tuis te bring, sê Jesus:

Hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid! (Matteus 7:11 AFR53)

Met hierdie verhaaltjie maak Jesus 'n teenstelling om ons sy belofte te laat verstaan en ons dit kan aanvaar. Ouers weet om vir hulle kinders goeie dinge te gee, al is die ouers sondaars. Hoeveel te meer sal ons hemelse Vader nie aan ons die goeie dinge gee nie, want Hy is volmaak goed en by Hom is daar geen slegte of selfsugtige gedagtes nie.

Trouens, Hy het tot die uiterste gegaan om ons sy kinders te maak. Hy het sy eie Seun aan die dood oorgegee sodat ons deur sy dood en opstanding kon loskom uit die dinge wat ons vyande van God gemaak het. En omdat ons kinders van Hom is, het Hy sy Gees aan ons gegee wat ons leer om te roep: Onse Vader. Wat kan nou makliker wees as dit? As God sy eie Seun vir ons oorgegee het, sal Hy nie ook al die ander dinge aan ons gee wat ons nodig het nie? Hy sal, sê Jesus, want ons is sy kinders en Hy is ons Vader.

Maar, geliefdes, ons mense het 'n probleem hiermee. Vir ons klink dit heeltemal net te maklik, te eenvoudig. Ons maak die sake vir onself ingewikkeld, daarom kan ons nie glo dat dit so maklik is om jou nood by die Here te noem en ook nog 'n antwoord daarop te kry nie. En in elk geval is ons baie maal van mening dat wat Jesus belowe nie altyd klop met wat ons in die lewe ervaar nie. Die gevolg? Ons verander Christus se gebedsbeloftes in ons gebedsprobleme.

Die een probleem wat mense soms met hierdie belofte van Jesus het, is om te sê dat gebed onvanpas is. Hoe kan 'n sondaar nou vir die almagtige en alwetende God van sy nood vertel. Die Here weet mos klaar wat ons nodig het nog voordat ons Hom vra. Jesus

het dit self gesê (Matt 6:8). Of, so redeneer hulle, wil die sondaar die Here se arm nou draai, sy moeilikheid omtrent onder die Here se neus indruk. 'n Mens kan mos nie die Here lastig val met sulke onbenullighede soos jou moeilikheid nie. En buitendien, is dit so dat die Here sy genade en sorg net gee wanneer ons daarvoor vra? Grootmense wag mos nie totdat hulle kinders eers vir kos vra voordat hulle gee nie.

Geliefdes, dit is nie omdat die Here niks van ons nood weet dat ons moet bid nie, en dit is ook nie omdat die Here onwillig is om te gee dat ons Hom moet vra nie. Die rede hoekom ons moet bid, het met ons te doen en nie met die Here nie. Die vraag is nie of die Here gereed is om te gee nie, maar of ons gereed is om te vra. Met gebed kry ons nie die oorhand oor God nie, maar eerder die oorhand oor onself om onself aan Hom te onderwerp. Ons moet in ons gebed soos kinders ontsag hê vir God en Hom vertrou. Jesus het mos gesê:

Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie. (Markus 10:15 AFR53)

Dit is waar, ons hemelse Vader bederf nooit sy kinders nie. Hy oorlaai ons nie met goed of ons dit nou nodig het of nie, en of ons gereed is daarvoor of nie. Hy wag soms totdat ons self insien dat ons dit nodig het en dit nederig van Hom vra. Daarom het Jakobus geskryf:

Julle kry nie, omdat julle nie bid nie. (Jakobus 4:2 AFR83)

Gebed is dus nie onvanpas nie. Dit is die einste manier wat God vir ons beveel om ons nood vir Hom te noem en uitdrukking te gee aan ons nederige afhanklikheid van Hom.

'n Tweede probleem wat sommige mense het is om te sê dat gebed onnodig is. Hierdie probleem kom eerder uit mense se ervaring van die lewe as uit hulle kennis van die Bybel. Wanneer gelowiges rondom hulle kyk, sien hulle daar is mense wat relatief goed klaarkom sonder gebed. Hulle kry sonder gebed selfs die dinge wat gelowiges in gebed van die Here gevra het. Hulle kry wat hulle nodig het deur hard te werk en nie deur hard te bid nie. Hulle het kos deur harde werk, hulle begroting werk goed uit deur hulle goeie beplanning, hulle kinders word gebore vanweë die mediese kennis. Indien 'n mens so na sake kyk, kan 'n mens oortuig word dat gebed dan seker nie so noodsaaklik is nie.

Maar wag so 'n bietjie. Is hierdie probleem regtig 'n probleem? Is gebed werklik nie noodsaaklik nie? Om reg aan hierdie vraag te laat geskied moet 'n mens vra of God se geskenke almal dieselfde is. Op grond van die feit dat die Here algemene genade en besondere genade skenk, lyk dit tog of daar 'n onderskeid is wanneer dit by sy geskenke ook kom. Die gawes wat God as Skepper gee, is anders as die gawes wat Hy as Vader gee. As Skepper en Onderhouer van sy skepping gee Hy die reën en sonskyn aan alle mense. Omdat Hy oor alles regeer, gee Hy kos en klere, gesondheid en krag aan almal. Vanuit sy algemene genade skenk Hy verstand om begrotings uit te werk, gee Hy aan dokters die wysheid om 'n moeilike bevalling goed te laat verloop sodat die babatjie gebore kan word en die moeder nie sterf nie. Hierdie geskenke gee die Here aan almal, of hulle Hom nou erken as die Gewer en Skepper of nie, of hulle nou bid of nie.

Wanneer dit oor sy geskenke as Vader, sy verlossingsgeskenke gaan, maak die Here 'n onderskeid. God skenk verlossing en geloof net aan die mense wat Hy nog voor die skepping uitgekies het. En die goeie dinge wat die Vader sal gee, is juis hierdie geskenke wat vir die gelowige kinders van God bedoel is. Dit gaan nie oor materiële dinge alleen nie maar veral oor geestelike dinge wanneer 'n mens ook Lukas 11 hierby lees. Dit is net aan die gelowiges wat die Here vergifnis van sonde, verlossing van die bose, vrede, groei in geloof, hoop en liefde en die inwoning van die Heilige Gees skenk.

Trouens, die gebed wat Jesus ons in Matteus 6 geleer het, bring die gawes van sy algemene genade en besondere genade saam. Die daaglikse brood waarvoor ons bid, is deel van sy gawes as Skepper, maar die vergifnis van sonde en verlossing van die bose is die verlossingsgeskenke wat Hy net aan sy kinders skenk. Wanneer ons dus vir ons daaglikse brood bid, is dit nie omdat ons van die honger sal vergaan as ons nie daarvoor bid nie, maar dit is om te erken dat God die eintlike Gewer van ons daaglikse kos en klere is en omdat dit reg is om ons afhanklikheid van God vir ons liggaamlike behoeftes te bely. Ons bid vir vergifnis en verlossing omdat hierdie geskenke net gegee word wanneer ons daarvoor vra en omdat ons sonder hierdie geskenke verlore sou wees. Gebed is dus glad nie onnodig nie.

Die derde probleem hou verband met die tweede een. Mense sê gebed is onnodig, want God gee aan baie mense sonder dat hulle daarvoor bid, en gebed is onproduktief, want baie mense bid en kry nie waarvoor hulle vra nie. So baie mense het al gesê: Ek het gebid om die eksamen deur te kom, maar het tog gedruip. Ek het gebid dat my pa gesond moes word, maar sy gesondheid het net verder versleg. Ons bid vir vrede, maar die wêreld dreun net meer en meer van oorlogsrumoer. En die gevolgtrekking wat mense maak: Dan werk gebed mos nie!

Om hierdie probleem te hanteer, moet ons baie mooi raaksien dat die beloftes wat Jesus gee nie onvoorwaardelik is nie. Gebed is beslis nie 'n towerstaffie nie. Ons is nie soos Aladdin wat ons gebedslampies vryf en dan kom die Here om al ons wense waar te maak nie. Dink net in watter groot spanning ons sou verkeer as die Here elke liewe gebed van ons verhoor het net soos wat ons dit gevra het. As die Here elke gebed verhoor presies net soos wat ons dit gevra het, sal ons mettertyd te bang word om weer te bid. Ons insig is te beperk om die nagevolge van wat ons wens presies raak te sien, want ons het nie al die wysheid nie. Ons is maar net mense. Laat ons die Here eerder dank dat Hy ons alwetende Vader is.

Maar kom ons bekyk die saak ook van die Here se kant af op grond van wat Jesus vir ons sê. Ons hemelse Vader is volmaak goed en Hy gee net goeie gawes aan sy kinders. Hy het alle wysheid self, daarom weet Hy presies watter gawes vir ons goed sal wees en watter nie. Kom ons kyk weer na die verhaaltjie wat Jesus vertel. Ouers sal tog nie vir hulle kinders klippe of slange gee wanneer hulle vir kos vra nie. Maar sê nou net die kind kom en vra weens sy eie onkunde 'n klip of 'n slang by sy ouers, wat dan? Dit is tog net onverantwoordelike ouers wat dan sal gee wat die kind vra, maar die meeste ouers sal die kind se versoek weier omdat hulle hul kind liefhet.

Ons hemelse Vader is volmaak goed en sal daarom nooit iets gee wat vir ons sleg of selfs gevaarlik is nie, al vra ons dringend en aanhoudend daarvoor. As ons dus goeie dinge vra, sal die Here dit vir ons gee, maar as ons uit onkunde of selfs moedswilligheid slegte dinge sou vra, sal Hy die versoek weier, en net Hy weet wat die verskil tussen goed en kwaad is. Laat ons God daarom dank dat Hy ons gebede volmaak verhoor en nie soos wat ons dit altyd wil hê nie.

Wat sou nou die les of lesse wees wat ons hieruit leer? Gebed, soos wat Jesus ons leer, is eintlik heel eenvoudig. Vra en jy sal kry, belowe Jesus. En ons kan met volle vertroue aan hierdie belofte van Jesus vashou. Tog lê daar heelwat agter hierdie eenvoud van gebed. Ten eerste, gebed veronderstel kennis. Aangesien die Here net die gawes gee wat met sy wil ooreenstem, beteken dit dat ons moet agterkom wat sy wil is. Dit kan ons doen deur gereelde en getroue Bybelstudie te doen. Tweedens, gebed veronderstel geloof. Dit is een ding om God se wil te ken, maar dit is 'n ander ding om die volle vertroue te hê dat Hy sy

wil sal laat geskied, veral as Hy sy wil nie so gou laat geskied as wat ons wil hê nie. En derdens, gebed veronderstel begeerte. Ons mag die wil van God ken en ons mag ook glo dat Hy sy wil sal laat geskied, en tog kan dit wees dat ons dit nie regtig begeer nie. Gebed is dan die manier waarop die Here wil hê dat ons ons diepste begeertes aan Hom bekend moet maak. Daarom gee Jesus die bevele: bid, soek, klop. Daarmee beveel Jesus ons om te volhard in gebed. Net wanneer ons dit regtig begeer, sal ons volhard om te vra.

Om dan af te sluit: Voordat ons bid, moet ons weet met wie ons in die gebed praat. Hy is ons Vader in en deur Jesus Christus. Om vir jou aardse pa *vader* te sê, is natuurlik. Om vir God *Vader* te sê, is 'n voorreg, want hierdie Naam is 'n duur Naam. Dit is slegs op grond van Christus se offer dat ons Hom so mag noem. Mag die Heilige Gees altyd met hierdie Naam in ons die kinderlike vrees en vertrouwe opwek sodat ons gelowig kan bly bid.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 10-2 (28B)

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam,
laat u ryk kom, u wil geskied, / soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood / en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
die wat teen ons sondig. / Laat kom ons nie in die versoeking; / maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere, / vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
15 Februarie 2015